

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
30 Oktober 1977

Onderwerp: As die deure toegaan

Lees: Maleági 1 verse 6 tot 14

Teks: Maleági 1 vers 6

Sing: Gesang 2 vers 1
Gesang 75 vers 4

“God is afwesig sê die gemeente. Maar God sê:
Waar is my gemeente?

“Vir Maleági lyk dit eerder na ’n gemeentelose God,
as na ’n Godlose gemeente.

“’n Seun eer die vader, en ’n kneg sy heer. As Ek dan
’n Vader is, waar is my eer? En as Ek ’n Heer is, waar is
die vrees vir My? sê die HERE van die leërskaare aan
julle, o priesters, wat my Naam verag! Maar julle sê:
‘Waardeer het ons u Naam verag?’ (Mal 1:6)

“God ervaar dat daar uit Jerusalem vir Hom geen
eerbied en respek kom nie. Sy gemeente moet afwesig
wees. Hulle het seker vertrek! En so kom God
huisbesoek doen in Jerusalem. Hy kom kyk wat van sy
gemeente geword het. Mens, waar is jy?

“Met hierdie vraag begin die Ou Testament en
daarmee sluit dit af.

“Dit is God self wat hier aan die woord is. Dit is
daaruit duidelik waarom die profesie van hierdie boek
eintlik nie ’n naam het nie. Want Maleági is eintlik
sommers net my ‘boodskapper’. Die profeet (dominee)
wat daar in Jerusalem bevestig is, tel nie. Dit is God wat
tel.

“En Maleági dan? Hoe is hy dan daar bevestig?
Omdat daar ’n groot nood was in die priesterkwartiere
in Jerusalem, daarom is Maleági na Jerusalem gestuur.

“Só het God maar nog altyd gemaak. As die
priesters huisbesoek nodig het, dan het daar altyd ’n
man van God opgedaag wat Hy na hulle gestuur het.
Want God sorg vir die pastorie. Want die man wat daar
woon, is ook maar net ’n mens. Die dominee het sy
huisbesoek net só nodig as die gemeente. En om
hierdie huisbesoek te doen, gebruik God gewone
mense. Elisa en Amos was albei boere; Jesaja was ’n
opgeleide privaat sekretaris; en Jeremia was uit ’n huis
waar die voorvader deur Salomo as priester geskors is

omdat hy Adonia [Salomo se ouer broer] verkeerdelik gesteun het. Ja, God gebruik gewone mense, gewone gemeentede. Dit is hulle wat God na die pastorie stuur, om daar huisbesoek te doen.

“God se huisbesoek in Jerusalem begin op ’n ongewone plek in die gemeente - by die pastorie. En só daag Maleági by die pastoriekwartiere op. En dié huisbesoek is anders as wat die gemeente aan gewoond is. God gesels nie eers oor die weer en die skades wat gely is nie. Nee, God vra reguit: Eer ’n seun nie sy vader nie en is ’n kneg nie gehoorsaam aan sy heer nie?

“Ja HERE, antwoord die dominees, maar wat daarvan? Waarom vra U?

“Dan antwoord God: ‘As Ek dan ’n Vader is, waar is my eer? En as Ek ’n Heer is, waar is die vrees vir My? sê die HERE van die leërskaare aan julle, o priesters, wat my Naam verag!’

“En as die priesters hierdie antwoord hoor, is hulle verbaas. Waardeur het ons u Naam verag?

“Ons bring nog elke Sondag die offers wat die gemeente hierheen bring. Ons doen die werk by die altaar. Ons preek elke Sondag vir die mense. Hoe kan U sê dat ons nie aan U dink nie? Hoe kan U sê dat ons u Naam verag?

“Dan antwoord God hulle: ‘Julle bring spys wat verontreinig is, op my altaar ...’ (Mal 1:7)

“HERE, waardeur het ons U verontreinig? Ons probeer ons bes. Wat ons hier op die altaar bring, het die gemeente aan ons gegee. Adam gee vir Eva die skuld en die dominee gee die gemeente die skuld.

“Maar dan antwoord God: ‘Deurdat julle sê: Die tafel van die HERE is veragtelik.’ (Mal 1:7) En dan gaan God voort: ‘En as julle ’n blinde *dier* bring om te offer, is dit geen kwaad nie! En as julle ’n lam of ’n siek *dier* bring, is dit geen kwaad nie! Bring dit tog vir jou goewerneur! Sal hy ’n welgevalle aan jou hê of jou goedgesind wees? sê die HERE van die leërskaare.’ (Mal 1:8)

“Die mense bring sommer die eerste die beste en die houding wat julle inneem is: dit maak nie saak nie. Solank die mense maar net hulle offers bring. Solank hulle maar net kom. Hoe hulle kom, maak nie saak nie. As mense maar net uit blote pligpleging nog aangesleep kom kerk toe, dan is julle tevrede. Hulle is darem nog hier. Dit maak nie saak hoe nie.

“Blinde siek diere offer julle. Sou julle dit ook vir die goewerneur doen? So vra God aan die priesters. Sou

julle ook so traak-my-nie-agtig optree teenoor die Eerste Minister as hy julle stad besoek? O nee, dan word daar weke vooruit vir die ontvangs gereël en net die beste aangebied! Alles word tot in die fynste besonderhede beplan. Maar as dit afgekondig word dat God Sondagaande sy volk gaan ontmoet, dan berei niemand voor nie. Kom sommer net soos julle is. Dit maak nie saak nie. Wat is dit anders as om te sê: Maar wie is God nou eintlik?

“Dit is hoekom God sê: ‘Ag, was daar maar iemand onder julle wat die deure wou sluit, sodat julle nie tevergeefs vuur op my altaar kan aansteek nie!’ (Mal 1:10)

“Wat ’n verskriklike ding vir God om te sê. As iemand onder julle, of die koster maar liever die kerkdeure wil toemaak; as die dominee maar voor die preekstoel omdraai; die kerkraad in die konsistorie agterbly; dat die gemeente maar eerder voor dooimansdeur kom. God wil die kerkdeure toedruk. Kan ’n mens jou indink wat dit God moes kos om sover te gaan? Wat is dit dan wat God sover gebring het?

“Ons sê: iets is beter as niks. God sê: alles of niks. Met jou hele hart, of glad nie. God wil nie hê dat dit moet lyk asof daar ’n gemeente is, terwyl daar geen gemeente is nie. Nee, waar daar oor God gepraat en tot God gebid word, moet daar ook geleef word soos ’n kind teenoor sy Vader. God eis dat Hy gedien sal word met die hele hart, siel en verstand.

“En as die dominees na hierdie smartkreet van God wil sê: maar HERE wat word van U as ons die kerkdeure toemaak? Dan antwoord God dat Hy nie van hulle afhanklik is nie. Oral oor die hele wêreld is daar mense wat Hom wél met hulle hele hart dien. Daar tussen die heidene woon mense wat Hom dien, wat Hom as hulle Vader behandel en wie Hy met graagte aanspreek as: ‘my kind.’

“Hierdie gemeente het gedink: prys die HEER, ons is al wat van Hom weet. Die hele wêreld is besig om te verheidens, behalwe ons. Ons is ’n volk van die Boek. God móét hier wees! Ook hier in Suid-Afrika wil ons eintlik sê: daar is nog net één land van die wêreld waar God geken en gevrees word en dit is ons land. Waar is daar nog ’n plek op aarde vir God buiten hier?

“Maar wil God ons deure oop sien?

“Jerusalem s’n sou Hy toesluit, want hulle het die spoor onwetend byster geraak. Ja, Broers en Susters, God wil liever die kerkdeure toe sien, as dat ons Hom só vanselfsprekend aanvaar; dat ons Hom darem nog ’n

plekkie onder ons gun; en so hier en daar 'n gebrekkige offer aan Hom bring.

“God wil die deure van die kerk toemaak as die gesindhede nie meer reg is nie en die offers goedkoop word. En julle sê: ‘Kyk wat 'n moeite!’ (Mal 1:13) Wat 'n moeite om God aan die lewe te hou. Wat 'n moeite om God se laaste skans op aarde te wees. 'n Mens kry daar niks uit nie. Dié godsdienst bring my géén wins nie. God is moeite!

“En Broers en Susters, as God klaar is met die dominee, dan gaan Hy na die gemeente. En as die dominee sê: maar HERE dit is die gemeente se skuld, dan pak die gemeente weer die skuld op die dominee.

“Maar Broers en Susters, dan vind ons uit dat God nie na ons kom om oor die skuld van ander mense te praat nie. Nee, Hy kom om met jou oor jou lewe te praat. Julle wat by julle voorstelling gesing het:

“‘Ons wil U nederig wy ons lewe’.

“Het julle vooruit besluit om nie julle offers te betaal nie; of om maar 'n goedkoop offer te bring?

“Dit het nodig geword, Broers en Susters, dat God ons daaraan herinner dat Hy die groot Koning is. Die Koning van die verbond. Julle offers is nie daar om God mee te seën nie, maar omdat Hy julle geseën het.

“En wat is offers waarmee ons God kan verheerlik? My liggaam wat 'n tempel van God is en my siel en verstand. Ek moet God liefhê. Paulus sê: ‘Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer - dit is julle redelike godsdienst. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.’ (Rom 12:1,2)

“Ek sluit met hierdie selfondersoekende woorde:

“Gaan ons kerkdeure oop bly?

“Dien die Christene van Suid-Afrika God opreg?

“Bring ons nie ook dikwels goedkoop offers nie? En sê ons nie ook dikwels: dit maak nie saak nie?

“Kan ons met die vinger na die priesters in Jerusalem wys?

“Amen.”

Kommentaar:

Dominee Bester het in 1975 in 'n preek op Vredendal gesê:

“Van Sinodale kant word ons opgeroep om op hierdie dag in besonder in ons gebede te dink aan die werk wat ons kerk doen vir ons dooplidmate. Die 273,731 kinders het ons gebede nodig ... Vanmôre dank ons die Heer vir 23,727 onderwysers wat Sondag na Sondag die saadjie van God se Woord saai in kinderharte. Ons dank God dat 30,697 van ons jongmense gelei kon word om belydenis van geloof af te lê.”

Hierdie Sondagskool-onderwysers en die kinders wat hulle opgevoed het, is nie meer daar nie. Die NG Kerk, wat vir meer as drie honderd jaar die Moederkerk in Suid-Afrika was, is grootliks tot niet. Dit is hoofsaaklik as gevolg van infiltrasie deur die Vrymesselary, wat dié kerk gekeer en van binne vernietig het.

’n Manifestasie hiervan is die NG Kerk se kweekskole wat tans *New Age* doktrines propageer. ’n Voorbeeld is *Gnostisisme* wat onder die fopnaam, die *Nuwe Hervorming*, voorgehou word. Dit is in werklikheid ’n anti-Christelike *New Age* kontra-ideologie wat spesifiek téén die ware Evangelie gemik is.

Weens hierdie afwykings van die ware Evangelie het baie ware Christene die NG Kerk verlaat. Dit het daartoe gelei dat vele NG kerke permanent gesluit het.